VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING *Junie 2010*

Ervaar die vreugde van musiek saam met jou kleinding in die gerief van jou eie huis

Musiek vir Ons Kleintjies – 'n eg Suid-Afrikaanse terapeutiese musiek-en-bewegingsprogram vir kinders vanaf een tot ses jaar – het 'n innoverende weergawe van die ***Musiek vir Ons Kleintjies*** kurrikulum, wat nou by die huis geniet kan word, bekendgestel.

Musiek vir Ons Kleintjies **TUISPAKKET** is 'n program ontwikkel deur die SA Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool en is gebaseer op die kurrikulum aangebied in die musiekskole. Dit beklemtoon dat doelgerigte musiekaktiwiteite deelnemers se musiekwaarderingsvermoë en liefde vir musiek, asook hulle intellektuele, emosionele, sosiale, motoriese, luister- en konsentrasievaardighede spelenderwys ontwikkel. Dit dra by tot 'n positiewe selfbeeld wat die sterkste basis is wat ons vir ons kinders kan aanbied om as 'n unieke, gebalanseerde volwassene met 'n positiewe uitkyk op die lewe, te groei.

Die **TUISPAKKET**, 'n gekondenseerde weergawe van die volledige musiek-en-bewegingsprogram wat ook as aanvulling gebruik kan word in die musiekskole, gee aan gesinne die geleentheid om saam by die huis die unieke ***Musiek vir Ons Kleintjies*** program te geniet en terselfdertyd hulle kind se totale menswees aan te raak en te ontwikkel. 'n Groot voordeel van die **TUISPAKKET** is dat kinders op plattelandse dorpies waar daar nie 'n SA Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool is nie, wat tuisonderrig ontvang of deur kinderoppassers by die huis opgepas word, deel kan neem aan die musiekaktiwiteite. Deur gebruik te maak van die ***Musiek vir Ons Kleintjies*** **TUISPAKKET** het ouers en kinderopassers dus 'n magdom van kreatiewe idees tot hulle beskikking om hulle kinders by tuis te stimuleer.

Die ***Musiek vir Ons Kleintjies*** **TUISPAKKET**, verpak in 'n aantreklike helderkleurige boks, is beskikbaar in Afrikaans en Engels en bestaan uit tien temas wat fokus op die spesifieke ontwikkelingstadium van die kind, asook die onderskeie ontwikkelingstake wat deur hom of haar bemeester moet word tussen een en ses jaar. Die lessies is ongeveer 30 tot 40 minute lank en is saamgestel volgens 'n struktuur wat uiters gebruikersvriendelik is vir die hele gesin. Ander items sluit 'n CD met klankmateriaal, 'n verskeidenheid van slaginstrumente, asook 'n versameling van voelmateriale, onder andere vere, handpoppe, plakkers, klei, balle en goggas, in.

Daar is ook geleenthede beskikbaar vir mense met 'n liefde vir kinders en musiek om hulle eie SA Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool te begin.

Vir meer inligting oor besigheidsgeleenthede of 'n musiekskool in jou omgewing, stuur 'n e-pos na musicsa@samusicschool.co.za of besoek www.samusicschool.co.za.

- # # # -

SAAMGESTEL DEUR:	Lesley Gikas, REFRESH PR
TEL:	021 887 4495
E-POS:	lesley@refreshpr.co.za
NAMENS:	Lydia Dreyer, Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool
E-POS:	musicsa@samusicschool.co.za

Die Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool bied terapeutiese musiek- en bewegingsprogramme – ***Musiek vir Ons Kleintjies*** – vir kinders een tot ses jaar oud. Die kombinasie van ondervinding opgedoen deur Anna Coetzee, wie 'n Baccalaureus-graad in musiek het, en Sielkundige dr. Lydia Dreyer, tesame met hul passie vir musiek en kinders, het gelei tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Musiekwaardering- en Ontwikkelingskool, spesifiek gerig op Suid-Afrikaanse kinders en die konteks waarin hulle leef.